# DIE STRANDING VAN DIE NIEUWE HAERLEM IN 1647 IN TAFELBAAI EN DIE BETEKENIS VAN HIERDIE GEBEURE

*Dr. H.D. Longland P.U. vir C.H.O.*

Die Portugese het die voortou met die ontdekkingsreise geneem en was die eerste Wes-Europese volk om die seeweg om die Kaap na die Ooste te ontdek, en wel in 1498. Alhoewel hulle daarna vir bykans honderd jaar sonder mededinging gereeld aan ons kuste verbygeseil het, en ook periodiek by die Kaap aangedoen het, het hulle nie daarin belang gestel om aan die suidpunt van Afrika 'n halfwegstasie te stig of om die gebied te koloniseer nie. Onder andere is hulle afgeskrik deur die woestheid van die land, die stormagtige kuste en die barbaarsheid van sy primitiewe inwoners. Daarby kon inderdaad ook geen winsgewende handel met die inheemse bevolking gedryf word nie.

Nadat ook die Engelse in 1580 en die Nederlanders in 1596 die seeweg na die Ooste om die suidpunt van Afrika ontdek het, het die twee eens magtige handelsmaatskappye, die E.O.I.K. en die N.O.I.K. (of V.O.C.), tot stand gekom. Beide hierdie nasies het baie meer aangetrokke tot die kus van Suid-Afrika gevoel as die Portugese. Met die Hottentotte het hulle klaarblyklik — alhoewel botsings ook soms voorgekom het — heelwat beter oor die weg gekom as wat met die Portugese die geval was.

In die jare voordat die N.O.I.K. 'n verversingspos aan die Kaap gestig het, was die Engelse en Hollanders die vernaamste besoekers daar. Engelse en Nederlandse skepe het gereeld by Tafelbaai — deur die Engelse besoekers aanvanklik Saldanha genoem — aangedoen om vars water in te neem en vee van die Khoikhoi te ruil om sodoende 'n vars vleisvoorraad te verkry. Daar het bykans geen jaar verbygegaan nie waarin in daardie tyd reeds ons latere twee amptelike landstale nie aan die voet van Tafelberg gehoor is nie.

Dit was vanselfsprekend dat mettertyd die gedagte om moontlik 'n permanente nedersetting by die Kaap te begin by beide nasies moes opgekom het. Die Kaap, wat min of meer halfpad tussen Europa en Oos-Indië geleë is, het inderdaad as aandoenplek al hoe gewilder geword omdat St. Helena sowel as Mauritius, waar ook aangedoen is, nie meer so goed aan hulle doel beantwoord het nie. Trouens, in 1616 het die Here XVII beveel dat al hulle skepe by die Kaap moes aandoen en Mauritius en St. Helena moes vermy.

Van Engelse kant is in 1613 reeds die gedagte geopper om 'n kolonie in Tafelbaai te stig. Teen 1919 is op hoë vlak deur die E.O.I.K. en die V.O.C. geonderhandel oor die moontlikheid om een gesamentlike fort of twee aparte forte in Tafelbaai te vestig. Voordat hierdie "Vergelyk" egter tot resultaat gevoer kon word, word die Engelse vlag op 3 Julie 1620 sonder magtiging deur kapteins Andrew Shillinge en Humphrey Fitzherbert op die teenswoordige rug van Seinheuwel of Vlaeberg, onder die Leeukop, gehys met die bedoeling om Tafelbaai namens die Engelse koning in besit te neem. Jacobus I van Engeland het egter geweier om met die plan voort te gaan.

Die N.O.I.K. wat sedert hulle stigting al die behoefte aan 'n geskikte verversingspos op die lang seeweg na die Ooste terdeë gevoel het, het, selfs na Shillinge en Fitzherbert se onbekookte poging om die Kaap in besit te neem, aanvanklik nog die aangeleentheid op die lange baan geskuif. Tog het die Nederlanders terdeë bewus van die feit gebly dat die Engelse dalk later van mening kon verander, en hulle kon voorspring, aangesien die handelskonkurrensie tussen dié twee lande al hoe heftiger geword het. In geval van oorlog, want wrywingspunte tussen die twee lande het nie ontbreek nie, kon die strategiese belangrikheid van die Kaap nie uit die oog verloor word nie.

In 1647 het daar egter 'n gebeurtenis plaasgevind wat vir die N.O.I.K. die voordele van 'n blywende nedersetting aan die Kaap pertinent sou beklemtoon en die bal aan die rol sou sit. Op 17 Januarie van daardie jaar het drie skepe van die N.O.I.K., die Olifant, die Schiedam en die Nieuwe Haerlem — 'n nuwe skip — uit Batavia na Nederland vertrek. Op 25 Maart het die Nieuwe Haerlem egter in 'n onverwagte suidoostewind op 'n sandbank in Tafelbaai vasgeloop. Die bemanning — met die uitsondering van slegs een — het die land veilig bereik en 'n groot deel van die lading, waaronder ook baie tuinsaad was, is gered.

Die presiese plek waar die Nieuwe Haerlem gestrand het, kan vandag nie presies aangedui word nie, maar daar word vermoed dat dit min of meer was waar Van Riebeeck ook later sou land, ongeveer aan die onderent van die huidige Adderleystraat.

Twee Engelse skepe, wat ook in Tafelbaai opgedaag het en ook met die reddingspoging gehelp het, en die Schiedam en die Olifant het van die bemanning van die Nieuwe Haerlem aan boord geneem. Agt en vyftig van hulle, onder leiding van Leendert Janszen, 'n Nederlandse seevaarder en amptenaar van die V.O.C., en onderkoopman op die Haerlem, moes egter aan die Kaap agterbly omdat daar vir hulle geen plek op die ander skepe was nie. Hiermee het Van Riebeeck dus 'n voorganger aan die Kaap gekry.

Die manskappe het dadelik aan die werk gespring en onder leiding van Janszen is begin met die bou van 'n primitiewe fortjie van duinsand-walle, tussen die huidige Milnerton en Bloubergstrand, wat hulle gepas Vastigheyt Zandenburgh genoem het. Hierdie fortjie is eers op 5 Julie voltooi. Tuine is aangelê en groente geproduseer, en hulle het later ook vis gevang. Uit die **Remonstrantie,** waarna ons later sal verwys, blyk dit dat hulle ook op aansienlike skaal gejag het. Die inboorlinge waarmee hulle in aanraking gekom het, was die Strandlopers en die Kaapmans, laasgenoemde van wie hulle vee vir slagdoeleindes geruil het. Ook het hulle reeds vir Herrie, een van die Strandlopers wat op 'n manier Engels kon praat, en later ook vir Van Riebeeck as tolk gedien het, ontmoet.

Janszen het 'n joernaal gehou van alles wat met hulle gebeur het, en wat interessante gegewens bevat. Ongelukkig is hierdie joernaal, behalwe aan die begin en teen die einde, uiters beknop en baie onpersoonlik geskryf en het min besonderhede vermeld oor hierdie vreemde land waarin hy verplig was om te woon. Daar moet egter in aanmerking geneem word dat dit nie geskryf is as 'n persoonlike dagboek of by wyse van tydverdryf nie, maar in die eerste plaas om aan die Here XVII 'n relaas te gee

van wat gedoen is om die goedere van die Haerlem te berg en hoeveel elke dag aan wal gebring is. Nogtans is hierdie geskrif 'n belangrike historiese dokument, aan die hand waarvan 'n duidelike beeld gevorm kan word van wat daar voor Van Riebeeck se koms op die strande van Tafelbaai plaasgevind het.

In Junie en Julie, toe die Kaapse winter op sy kwaaiste was, moes dit vir Janszen en sy makkers maar bra onplesierig gewees het. Die noordwestewind het met volle krag gewaai — en dit het gereën, gedonder en gehael. Die skipbreukelinge moes ongeveer 'n jaar lank hier vertoef en buitengewoon gelukkig en tevrede was hulle beslis nie. Janszen het met moeite daarin geslaag om die orde onder hulle te bewaar, want almal het "dapper verlangende naar de comste van de retourvloote" sodat hulle die "wilde barbaarse" land kon verlaat.

Na verloop van 'n jaar het 'n groot retoervloot van twaalf skepe onder Wollebrandt Geleijnsen de Jongh op 15 Maart 1648 hier opgedaag en na 'n verblyf van 18 dae aan die Kaap vir Janszen en sy onvergenoegde manne na die vaderland teruggeneem. Vier maande later het hulle veilig in Nederland aangekom. Op hierdie retoervloot wat die mense van die Nieuwe Haerlem opgepik het, was ook Jan van Riebeeck wat later die eerste kommandeur van die verversingstasie aan die Kaap sou word.

Die skipbreukelinge van die Haerlem was die aangewese persone van wie die bewindhebbers in Nederland nadere gegewens omtrent die Kaap te wete kon kom. Dat die N.O.I.K. egter toe nog steeds slegs gebroei het op die gedagte van 'n moontlike permanente nedersetting aan die Kaap, blyk uit die feit dat Janszen eers ruim 'n jaar na sy terugkeer versoek is om 'n skrifstuk oor die moontlike voordele aan die besetting van die Kaap verbonde op te stel.

Op 26 Julie 1649 het Janszen sy Remonstrantie, mede-onderteken deur 'n sekere Matthys Proot aan die Kamer van Amsterdam oorhandig. Proot was nie een van die skipbreukelinge van die Haerlem nie; daar bestaan egter goeie rede om te vermoed dat hy op die retoervloot van Wollebrant Geleynsen de Jongh was wat die skipbreukelinge in 1648 by die Kaap opgepik het. Alhoewel Leendert Janszen dit hotagter gehad het met sy ontevrede manne aan die Kaap en hy self in een van sy briewe getuig het hoe hulle hier in "een wild barbaars landt" met "ongeloovelycke moeyte" dag en nag in wind en weer moes arbei, vind ons nogtans in die Remonstrantie niks anders as die hoogste lof vir hierdie selfde "barbaarse" land nie.

Janszen en Proot het in hooftrekke, kortliks saamgevat, in hierdie Remonstrantie die aanlê van tuine, wat dringend noodsaaklik was vir die lewering van vars voorrade aan die skepe wat in die baai anker werp, sterk aanbeveel. Hulle het betoog dat water volop was en die grond so vrugbaar was, dat groente en vrugte in oorvloed gekweek kon word. Beeste, skape en varke kon maklik aangeskaf word deur ruilhandel met die Khoikhoi en verder aangeteel word, sodat daar behalwe groente en vrugte ook vir almal genoegsaam melk, botter en kaas beskikbaar sou wees. 'n Garnisoen van 60 tot 70 man en die oprigting van 'n fort (wat groot genoeg moes wees om gemelde aantal manskappe te huisves) was baie wenslik en sou nie 'n groot uitgawe vereis nie. Sodra 'n landingskaai gebou is, sou dit nie meer nodig wees dat die matrose tot oor hulle nekke in die water moet loop om vars water vir die reis te gaan haal nie. Hulle het goeie verwagting van die walvis-, robbe-, en visvangs gehad. Vis was volop en kon gedroog word, terwyl walvisse en robbe tydens sekere tye van die jaar die kuste besoek en lewertraan sou groot winste afwerp. Wild was volop en deur op hulle jag te maak kon vleis vir die garnisoen verkry word, en hulle velle kon verkoop word.

Vervolgens het hulle daarop gewys dat die waarde van die eiland St. Helena vir die Kompanjie sterk verminder het. Gewoonlik is varke daar gelos en omdat hulle vinnig aangeteel het, was vleis vroeër maklik te bekom. Aangesien lui matrose egter honde gebruik het om die varke te vang, en al die honde nie altyd daarna weer aan boord geneem is nie, het die wildgeworde honde die geledere van die varke gevaarlik uitgedun. Later was daar omtrent geen varke meer nie en het die eiland slegs 'n bietjie vrugte opgelewer. Engelse skepe het egter gewoonlik voor die aankoms van die Kompanjie se skepe die eiland aangedoen, sodat daar ook geen ryp vrugte meer gevind kon word nie. Tewens, hulle was daarvan oortuig dat die oponthoud van die skepe aan die Kaap van korter duur sou wees as die tyd wat nodig was om die skeepsvolk op St. Helena van vars voedsel te voorsien.

Die inboorlinge het hulle gesê, was nie so gevaarlik soos sommige mense wou voorgee nie, mits hulle net regverdig behandel word. Dit was moontlik dat hulle "de Nederlantse sprake" sou kon aanleer en hulle kinders kon later as bediendes gebruik word en 'n Christelike opvoeding kry. As laaste oortuigingsmiddel het hulle hul verwondering uitgespreek dat die Spanjaarde en die Portugese die Kaap nog nie gebruik het om aanvalle op die Kompanje se skepe te doen nie. Hulle het afgesluit met 'n berekening van koste en winste. Hulle het betoog dat alhoewel die koste aanvanklik groter as die winste sou wees, sou die toestand binne enkele jare net omgekeerd wees as in aanmerking geneem word watter steun die verversingspos aan die Oosterse handel sou gee.

Alhoewel Janszen en Proot se humanistiese lewensbeskouing in hulle aanbevelings in verband met die inboorlinge uitkom, het die materialisme egter in die eerste plek duidelik gespreek — talle argumente het neergekom op wins en onkoste. Van sending- en bekeringswerk is net terloops melding gemaak — die hoofsaak was materiële winste. Hulle was inderdaad amptenare van 'n winssoekende handelsmaatskappy en hulle vernaamste argument was dan ook dat die Kompanjie voordeel sou trek uit 'n nedersetting aan die Kaap en dat hulle handel bevorder sou word. Geen kolonie waarheen groot getalle Nederlanders kon verhuis om hulle permanent daar te vestig is beoog nie — die nuwe aanleg sou slegs 'n beamptepos wees. Van nasionalisme, patriotisme of die vergroting van die moederland se aansien onder Europese moondhede was geen sprake nie.

Dat die aangeleentheid egter op 26 Julie 1649 nog nie dringend was nie, blyk uit die feit dat die Here XVII eers op 20 Augustus 1650 Janszen en Proot se aanbevelings uitvoerig bespreek het en op die 22e in Amsterdam die finale besluit geneem het om 'n nedersetting aan die Kaap te stig, "dienende tot meerder securiteit ende verversinge" — dus die geboorteakte van die Kaapse nedersetting. Die nedersetting sou dus met 'n tweeledige doel gestig word: eerstens om 'n ekonomiese rede as 'n verversingspos, halfpad op die lang seeroete tussen Nederland en die Ooste, en tweedens om 'n strategiese rede naamlik om die Nederlandse skepe teen dié van ander nasies te beskerm.

Vir blanke Suid-Afrikaners het die stranding van die Haerlem en die daaropvolgende Remonstrantie veral betekenis omdat dit 'n belangrike deurslaggewende rol gespeel het tot die stigting van 'n halfwegstasie deur die N.O.I.K. aan die Kaap en sodoende die eerste saadjie geplant is vir die vestiging van die Europese beskawing

in ons land. Waar toe geruime tyd reeds die wenslikheid van so 'n stigting ingesien is, en daarop gebroei is, het die daadwerklike uitvoering daarvan agterweë gebly aangesien die Here XVII nie seker was of so 'n skema wel implementeerbaar was nie. Die stranding van die Haerlem en die Remonstrantie het bewys dat dit wel uitvoerbaar was — en dat so 'n onderneming kon slaag.

---

## Bibliografie


1. Bokhorst, M.: Hoekom het Proot nie kommandeur geword nie? (Die Huisgenoot, 7.3.1952).
2. Bokhorst, M.: Waarom het die Hollanders in 1652 na die Kaap gekom? (Die Huisgenoot, 7.3.1952).
3. De Kock, W.J.: Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek I. Kaapstad, 1976.
4. Gie, S.F.N.: Geskiedenis van Suid-Afrika I. Stellenbosch, 1942.
5. Krüger, D.W. en Beyers, C.J. (reds.): Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek III. Kaapstad, 1977.
6. Krynauw, D.W.: Van Riebeeck het 'n voorganger gehad. (Die Huisgenoot, 7.3.1952).
7. Muller, C.F.J.: 500 jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis. Pretoria (ens.), 1977.
8. Van der Walt, A.J.H., Wiid, J.A. en Geyer A.L.: Geskiedenis van Suid-Afrika. Kaapstad (ens.)
9. Van Jaarsveld, F.A.: 100 basiese dokumente by die studie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis, 1648 — 1961. Kaapstad (ens.), 1961.